

Konteks

Khoi-klanke op boog, saksofoon en blik'nsnaar (gespeel deur Garth Erasmus) verweef met 16de-eeuse Geneefse psalmwysies gespeel op dwarsfluit (Marietjie Pauw) en op orrel (Francois Blom).

Khoi-klanke wat in hierdie musiekproduksie gespeel word, word nuutgeskep en nuut-verbeel, met herinnering aan historiese oorlewering. Ses Geneefse psalmwysies word tydens hierdie produksie verklank, en u hoor ondermeer die melodieë soos deur Loys Bourgeois en Guillaume Franc geskryf. Die psalmwysies kom vanuit die Geneefse versameling wat sedert 1539 in Strasbourg 'n aanvang geneem het, en as voltooië versameling van 150 psalmwysies in 1562 in Genève uitgegee is onder die kuratorskap van Johannes Calvyn. Die psalmwysies het met die Hollanders na die Kaap gekom. Die ses psalmwysies wat u vanoggend hoor maak gebruik van die harmonisasies van Rosa Nepgen (1966), Boudewijn Scholten (Psalm 62, 2001) en maak van vrye improvisasie gebruik.

Die programnotas in hierdie musiekproduksie haal frases aan uit psalmt tekste soos verwoord in die Afrikaanse psalmboek van Totius (J.D. du Toit) van 1937. Totius se tekste is steeds in gebruik ten spyte van bestaande nuwer berymings. Vóór Totius se tekste was die Nederlandse beryming van 1773, en daarvóór Petrus Dathenus se (Dateens-Hollandse) beryming (1568), in gebruik aan die Kaap, soos vertaal vanuit die Frans. Die herhaaldelike vertaling en aanpassing van liedtekste (wat hulself beroep op die ooreenstemmende Bybelse Psalmt tekste van ongeveer 1000 jaar vC) dui op politieke en kultureel-sosiale besetting van grond, imperialisme, ideologiese invalshoeke en die berymer ('Dawid' en Totius) se eiesoortige konteks. Die Franse Geneefse psalms is byvoorbeeld gesing toe die Hugenote sedert 1685 aan hul eie onderdrukking uiting wou gee. Totius benut die tekste om in die 1930's die onderdrukking van Afrikaanses (onder Britse imperialisme) te verwoord, maar wanneer dieselfde Totius-tekste in die hoog-Apartheid gesing word, is daar 'n ironiese verskuiwing van magsug, waar die Afrikaners self die onderdrukkers van ander 'afgebakendes' geword het.

Binne akoestiese ruimtes van 'n kerkgebou, hoor u kommentaar, klaaglied, protes en eietydse artistiese skepping. Hierdie musiekproduksie verklank perspektiewe op ontmoetings aan die Kaap.

Eerste ontmoetings aan die Kaap

Khoi, wind, water / Psalm 42

Khoi-klanke op boog en snaar herinner dat bewoners aan die Kaap sou aanskou dat skepe soms uit die noorde en ooste met die wind aangewaaï kom. Psalm 42 (melodie van Bourgeois, 1551) herinner dat matrose dalk aan land sou kom, en dalk om water sou vra:

'Soos 'n hert in dorre streke, skreeuend dors na die genot, van die helder waterbeke, skreeu my siel [...]

Land van God, vir die VOC / Psalm 8

Die versoek om water en kos raak 'n vergrype na land; grondbesit. Psalm 8 (Franc, 1542) herinner: 'Daar is geen land so ver of woës geleë, geen strand, o Heer, of wilde waterweë, geen hemelsfeer in die oneindigheid – of orals blink u Naam en majesteit [...] wat is die mens [...] U laat hom heers. Tot aan die verste strande gebied hy [...]

VOC-triomflied / Psalm 47

Jan van Riebeeck se VOC-voorgeskrewe gebed, wat hy aan wal van die Kaap in 1652 bid, verwoord die Hollanders se oordeel oor andere, en imperialistiese sakebelange. Sy gebed noem die roeping om 'onder hierdie wilde en onbeskaafde mense U ware gereformeerde Christelike leer voort te plant en bekend te maak tot lof van U heilige Naam en tot voordeel van dié wat oor ons regeer'. Die VOC vestig sy mag aan die Kaap en verstrengel 'n verstaan van godsdiens, politieke mag en die onderwerping van ander mense. Psalm 47 (Bourgeois, 1551) sing van hierdie verstrengeling: 'Juig, o volke, juig! Handklap en betuig [...] voor die Heer jul vreugd [...] Koning is Hy daar van die heidendyom. [...] Hoog verhewe is Hy!'

Khoi-lied, vir hoogste reg / Psalm 45

Khoi-klanke word toenemend stiller. Vir oorlewing word nuwe tale en vaardighede aangeleer. Psalm 45 (Geneefse melodie, vry aangepas deur Nepgen) is oorspronklik 'n liefdespsalm vir 'n regverdige koning, soos ook deur Totius verwoord. Wanneer die psalmt eks die digkuns van 'n Khoi-spreker word, verlang die spreker na 'hoogste reg' wat sal geskied:

'My hart, ontroer deur mymering, sal lieflik van 'n Koning sing. My tong, deur digvuur aangedryf, is soos 'n pen wat vaardig skryf [...] Gord aan u wapens tot die stryd, o Held, u glans en majesteit! Oorwinnend ry na die geveg vir waarheid, ootmoed, hoogste reg [...] uit u ivore-koningshuis kom wonderskone snaargeruis.'

Klaaglied word skreeulied / Psalm 62

Ook nuwe musiek-instrumente word deur die Khoi-musikant aangeleer om aan te pas. Die saksofoon se klaaglied skreeu van die muur wat omgestoot is, in die woorde van Psalm 62 (Franc, 1542). Die saksofoon trek ook die fluit en orrel in om eietydse verset te verklank.

'Hoe lank, o wreedaards, soek jul dan die onheil nog van so 'n man, 'n enige wat diep in nood is? [...] 'n klipmuur wat al omgestoot is?'

Na somerdroogte kom reën / Psalm 65

Met hierdie klanke in ons ore is daar nie 'n kortpad deur 'n geskiedenis van kulturele onderwerping, verwerping en selfsugtige opheffing nie. Wanneer Psalm 65 (Franc, 1545) sing van reën en ooste, herinner die beelde ons aan bronne wat vir almal bedoel was.

'Ná bange tyd van somerdroogte is daar die uitkoms weer! [...] uit verste veld en kraal [...] Die land [...] milde reën [...] kleinvee langs die hange wat juigend veld-toe gaan [...] hooggehalmd graan'

Wind, blik'nsnaar

Psalm 65 sing van 'windgesange': Die wind waai steeds; die Geneefse wysies word stiller, en die Khoi-kunstenaar het 'n nuwe instrument – die blik'nsnaar – gemaak en begin speel. Blik'nsnaar verklank 'n hartklop. Dit help ons onthou.

Francois Blom is vir die afgelope tien jaar die orrelis by N.G. Kerk Stellenbosch-Wes. Hy was lid van die Wêreld Jeugkoor in 1998, 1999 en 2000. Hy was ook in 1998-2002 'n lid van die Stellenbosch Camerata onder koorleiding van Acáma Fick. Francois het reeds as kabaret-pianis, en as akteur, aan verskeie Woordfees-produksies deelgeneem.

Garth Erasmus is 'n visuele kunstenaar en musikant. Gedurende 1982-1997 het hy kuns onderrig aan die Zonnebloem Kunssentrum, Distrik Ses (Kaapstad) gegee, en in 2005 werk hy as Kuns onderrig-offisier by die Iziko SA Nasionale Gallery in Kaapstad. Hy is voormalige voorsitter van Africa South Artists Initiative (ASAI) en is betrokke by kunsprojekte, ondermeer Vakalisa Artists Group; Community Reflections Arts and Performance Group; Greatmore Street Artists Studio, en die Thupelo Artists Workshop. Sy grootskaalse muurskilderwerk is sedert 2003 deel van die Artscape Teater se uitstalling wat handel oor die kulturele geskiedenis van die Weskaap. In 2009 word sy klank-installasie, 'Autshomato', opgeneem in die Robben-eiland museum-uitstalling by die Nelson Mandela Gateway in Kaapstad. Garth speel ondermeer in die digkuns en musiek aktivistiese trio, 'Khoi Khonnexion', asook in die groep 'As Is'. Hy bou sy eie instrumente, soos ondermeer die boog, en blik'nsnaar, wat in hierdie produksie gehoor word. Hierdie is Garth se kunstenaars-début op die Woordfees.


Marietjie Pauw het in 2015 doktorsale navorsing en -konserte aan Stellenbosch Universiteit voltooi. Haar artistieke navorsing het ondermeer op die kurering van Suid-Afrikaanse dwarsfluit-komposisies gefokus. Sy is tans verbonde aan Africa Open – Instituut vir Musiek, Navorsing en Innovasie by Stellenbosch Universiteit. Sy en Garth Erasmus het in 2015 'n produksie oor die geskiedenis van Roesdorp, Stellenbosch, aangebied by die Rupertmuseum, soos verfilm deur Aryan Kaganof (met filmtitels 'Kreun', 2016; en 'Khoisan ghost kreun', 2016). Sedert 2006 het Marietjie as fluitspeler aan verskeie Woordfees-produksies deelgeneem.



In samewerking met die US Woordfees

Met dank aan die kerkrade vir die gebruik van die kerkgeboue:

Rynse Kerk, Stellenbosch-middedorp
 Stellenbosch VGK, Langstraat, Cloeteville
 Katolieke Gemeente Stellenbosch, St Marks, Idasvallei
 Moederkerk, Stellenbosch-middedorp



5 Maart 07:00* Rynse Kerk, Stellenbosch
 6 Maart 07:00* VGK, Cloeteville
 7 Maart 07:00* St. Mark's Katolieke Kerk
 8 Maart 07:00* Moederkerk, Stellenbosch
 *soggens

